# SUNRIDGE VANDAG / SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

**4 March / Maart 2021**

Dear Parents

As we await the regulations from the Department of Education we will continue with the return of extra mural activities within the regulations as forwarded by the different codes and as we can manage. We are not willing to break any regulation knowingly and no pressure or badmouthing will see us do it. YES, some other schools are doing it and so be it. If capitalizing on this is the issue, we surely condemn it.

Please note that the well informed people are now looking at the third wave coming in April and that they predict it to be with us after the Easter weekend. Use this knowledge in your planning as well as in the way you act regarding the new regulations.

We are still faced with the 50% capacity regulation and will comply with it. While other schools struggled with school attendance in 2020 we achieved 98% attendance because we complied with the regulations. There is no valid reason why we should not continue to do so. We take note of all opinions and respect them, in the end we are held accountable and will therefore comply with them.

With the introduction of the "walk about" we immediately saw that social distancing is not that easily achievable. The urge to touch and play is tremendous. The 62,8% of parents willing to allow activities without social distancing together with 82,1% willing to allow activities without masks underlines our issues with children not able to keep to social distancing. The majority just do not care when they are out of class and we need to educate them and set the example.

Although 87% of parents indicated that they will not hold the school responsible the risk factor stays with the teacher. With 5% of people not willing to accept responsibility when they choose not to disclose a positive test we must monitor the risk very carefully. In reality, one learner per class could be at school while his/her parents have tested positive for COVID-19.

We will carefully plan and see how we can manage the return to extra mural activities while adhering to regulations. We will run through the Physical Education cycle while we await guidance on the return of all extra mural activities.

A phased approach for the return to extra mural activities has already been worked out by the staff. We are ready to apply it as soon as we get the final guidelines from the Minister of Education.

A few children choose to wear school clothing to school, they are within their right. As long as you stay within the school rules you are more than welcome to wear school clothing.

With the winter months coming we need to decide if, when and how we will return to the wearing of school clothing. To support us with information we will again send a survey for your kind attention so that we can offer recommendations and make a well informed decision.

Sunshine greeting
M DE VRIES
Principal

Follow us on facebook



Geagte Ouers

Terwyl ons op opdragte van die Departement van Onderwys wag, sal ons steeds voortgaan met die terugbring van buitemuurse aktiwiteite soos deur die verskillende kodes bepaal en soos ons dit kan hanteer. Ons is nie bereid om enige reëls willens en wetens te verbreek nie en geen druk of beledigings sal ons daartoe beweeg nie. JA, sommige skole doen dit, maar dit is hulle saak. As mense munt hieruit wil slaan, is dit tot daarnatoe.

Die mense wat weet, voorspel dat 'n derde golf ons in April en wel ná Paasnaweek gaan tref. Gebruik hierdie kennis vir u beplanning en ook in u optrede m.b.t. die nuwe regulasies.

Die reëls bepaal steeds 50% kapasiteit en ons sal dit eerbiedig. Terwyl ander skole met skoolbywoning in 2020 geworstel het, was ons bywoning 98% omdat ons aan die regulasies voldoen het. Daar is geen geldige rede waarom ons nie steeds die reëls moet eerbiedig nie. Ons neem kennis van ander opinies en ons respekteer dit, maar uiteindelik word ons aanspreeklik gehou en daarom sal ons die reëls nakom.

Met die aanvang van die "buitewandeling"was dit onmiddellik duidelik dat die handhaaf van sosiale afstand 'n tameletjie is. Daar is 'n onbeheerbare drang tot aanraking en speel. Die feit dat 62,8% van ouers bereid is om aktiwiteite sonder sosiale afstand toe te laat, tesame met 82,1% wat bereid is om aktiwiteite sonder maskers toe te laat, beklemtoon ons uitdagings met kinders wat sukkel om die sosiale afstand te handhaaf. Sodra hulle buite die klas is, gee die oorgrote meerderheid eenvoudig nie om nie en ons moet hulle touwys maak en die voorbeeld stel.

Alhoewel 87% van ouers aangedui het dat hulle nie die skool aanspreeklik sal hou nie, berus die risikofaktor steeds by die onderwyser. Met 5% van mense wat nie bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar deur 'n positiewe toets aan te meld nie, moet ons die risiko met die grootste omsigtigheid bestuur. Inderwaarheid kan een leerder per klas by die skool wees terwyl sy/haar ouers positief vir Covid-19 getoets het.

Ons sal dus sorgvuldig beplan hoe om te werk te gaan met die terugkeer na buitemuurse aktiwiteite terwyl ons die reëls eerbiedig. Ons sal die LO-siklus deurwerk terwyl ons op leiding aangaande die terugkeer na alle buitemuurse aktiwiteite wag.

Die personeel het reeds 'n geleidelike terugkeer na buitemuurse aktiwiteite beplan en ons is gereed om dit in plek te plaas sodra ons finale riglyne van die Onderwysminister ontvang.

'n Paar kinders verkies om skooldrag te dra en dit is hulle goeie reg. Net solank hulle die skoolreëls nakom, is hulle meer as welkom om skooluniform te dra.

Met die winter op hande moet ons besluit of ons gaan terugkeer na die dra van skooluniform en indien wel, wanneer en hoe. Ons sal weereens 'n opname vir u aandag uitstuur sodat ons aanbevelings kan ontvang en uiteindelik 'n ingeligte besluit kan neem.

Sonskyngroete
M DE VRIES
Skoolhoof




Follow us on facebook

## LEARNER ACHIEVEMENTS / LEERDERPRESTASIES

*If not a school event, official results must be emailed to wendy@sunridge.co.za within one week of the event.*
*Indien nie 'n skoolaktiwiteit nie, moet uitslae binne een week na wendy@sunridge.co.za gestuur word.*

**MUSIC:** Results from the 2020 Trinity Music exams - **Luka Bessinger** - Trinity Euphonium grade 3 - 88% Distinction and qualifies for Cultural colours. **Jared Henwick** - Trinity French horn grade 2 - 88% Distinction. **Amy Buhagiar** – Trinity Piano Grade 2 – 89% Distinction. **Caitlin van Heerden** – Trinity Piano Grade 2 – 97% Distinction

## Enrollment 2022

### ENROLLMENTS ARE NOW OPEN

- ***Please*** *download the application form from the school website (www.sunridge.co.za)*
- *Complete the forms and attach all the relevant certified documentation*
- *Deliver the hard copy to school*
- *Applications with missing documentation will not be considered.*

***APPLICATIONS CLOSE 31 MARCH 2021***

RABIE TRUST

TAVCOR
SUZUKI

# CONGRATULATIONS



# TEST SERIES / TOETSREEKS
# TERM 1 / KWARTAAL 1

**Sunridge Primary School**
**Term 1 2021**
**School based Test Series**

| DATE | GRADE | SESSION | SUBJECT | GRADE | SESSION | SUBJECT |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tue 6 April** | | | | Gr 7 | Session 1 | EMS |
| | | | | | Session 2 | Technology |
| **We 7 April** | Gr 4 | Session 1 | Afrikaans | Gr 7 | Session 1 | Afrikaans |
| | | Session 2 | Geography | | Session 2 | Geography Project Section B |
| **Thu 8 April** | Gr 5 | Session 1 | Afrikaans | Gr 6 | Session 1 | Afrikaans |
| | | Session 2 | Geography | | Session 2 | Geography |
| **Fr 9 April** | Gr 4 | Session 1 | English | Gr 7 | Session 1 | English |
| | | Session 2 | History Project Section B | | Session 2 | History |
| **Mo 12 April** | Gr 5 | Session 1 | English | Gr 6 | Session 1 | English |
| | | Session 2 | History | | Session 2 | History |
| **Tue 13 April** | Gr 4 | Session 1 | Mathematics | Gr 7 | Session 1 | Mathematics |
| | | Session 2 | Life Skills | | Session 2 | Life Orientation |
| **We 14 April** | Gr 5 | Session 1 | Mathematics | Gr 6 | Session 1 | Mathematics |
| | | Session 2 | Life Skills | | Session 2 | Life Skills |
| **Thu 15 April** | Gr 4 | Session 1 | NS/Tech | Gr 7 | Session 1 | Natural Sciences |
| | | | | | Session 2 | Creative Arts |
| **Fr 16 April** | Gr 5 | Session 1 | NS/Tech | Gr 6 | Session 1 | NS/Tech |
| | | | | | | |

**Sunridge Primêre Skool**
**Kwartaal 1 2021**
**Skoolgebaseerde Toetsreeks**

| DATUM | GRAAD | SESSIE | VAK | GRAAD | SESSIE | VAK |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Di 6 April** | | | | Gr 7 | Sessie 1 | EBW |
| | | | | | Sessie 2 | Tegnologie |
| **Wo 7 April** | Gr 4 | Sessie 1 | Afrikaans | Gr 7 | Sessie 1 | Afrikaans |
| | | Sessie 2 | Aardrykskunde | | Sessie 2 | Aardrykskunde Projek Afd B |
| **Do 8 April** | Gr 5 | Sessie 1 | Afrikaans | Gr 6 | Sessie 1 | Afrikaans |
| | | Sessie 2 | Aardrykskunde | | Sessie 2 | Aardrykskunde |
| **Vr 9 April** | Gr 4 | Sessie 1 | Engels | Gr 7 | Sessie 1 | Engels |
| | | Sessie 2 | Geskiedenis Projek Afd B | | Sessie 2 | Geskiedenis |
| **Ma 12 April** | Gr 5 | Sessie 1 | Engels | Gr 6 | Sessie 1 | Engels |
| | | Sessie 2 | Geskiedenis | | Sessie 2 | Geskiedenis |
| **Di 13 April** | Gr 4 | Sessie 1 | Wiskunde | Gr 7 | Sessie 1 | Wiskunde |
| | | Sessie 2 | Lewensvaardighede | | Sessie 2 | Lewensoriëntering |
| **Wo 14 April** | Gr 5 | Sessie 1 | Wiskunde | Gr 6 | Sessie 1 | Wiskunde |
| | | Sessie 2 | Lewensvaardighede | | Sessie 2 | Lewensvaardighede |
| **Do 15 April** | Gr 4 | Sessie 1 | NW/Teg | Gr 7 | Sessie 1 | Natuurwetenskappe |
| | | | | | Sessie 2 | Kreatiewe Kunste |
| **Vr 16 April** | Gr 5 | Sessie 1 | NW/Teg | Gr 6 | Sessie 1 | NW/Teg |
| | | | | | | |